'n Growwe grondmengsel is dus verkieslik vir alle Akasias. Hoe growwer die sanddeeltjies in die mengsel, hoe vinniger vind wortelverspreiding plaas.

Die beginsel werk ongeveer so: Sodra die wortel teen 'n growwe sandkorrel vasgroei, verdeel dit in twee en sodoende word ideale fyn wortelgroei gestimuleer.

Hierdie natuurlike neiging van wortelverdeling kan dus nuttig aangewend word om 'n beter wortelstruktuur aan te moedig.



Wortelpunt bots teen growwe sand en verdeel. Dit bots verder op sy pad en so gaan die proses voort.

BEDRADING

DAAN DU TOIT

Akasias het buigsame stamme wat hulle uitstekend leen tot bedrading. Die takkies wat bedraad was, hou ook die vorm waarin dit gebuig is, baie goed.

Die beste tyd om bladwisselende bome te bedraad is normaalweg in die vroeë lente of die laat herfs net voor die rusperiode. Akasias reageer egter goed op bedrading regdeur die jaar, hoewel dit makliker is om te bedraad as die boom sonder blare is.

Water kan weerhou word van 'n boompie vir 'n dag of twee voor 'n groot bedradingsessie. Buigsaamheid van takke word hierdeur bevorder.

Boompies wat kwesbaar is as gevolg van siekte, droogte (het blare afgegooi en wou sterf) of net voor of na uitplanting, moet nie bedraad word nie. Na 'n groot bedradingsessie kan die boompie vir 'n dag of wat uit intense sonlig gehou word. Maak die boompies deeglik nat na bedrading. Oorhoofse besprenkeling met water word aanbeveel. Weerhou bemesting vir 'n week of twee, afhangende van die graad van bedrading.